**BYGEWERK: SOEK-EN-BESLAGLEGGINGSOPERASIE BY ME. MKHIZE SE PERSEEL**

**Tshwane, 26 November 2024** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig graag 'n noemenswaardige ontwikkeling aan in ons pogings om belastingontduiking en kriminele aktiwiteite, wat die land se ekonomie ondermyn, te bekamp. Die KwaZulu-Natalse plaaslike afdeling van die Durbanse Hooggeregshof het 'n bewaringsbevel en 'n soek-en-beslagleggingslasbrief uitgereik in die Kommissaris van SARS vs Shauwn Mkhize en Ander-saak.

Hierdie besluit is 'n deurslaggewende stap ingevolge SARS se strategiese oogmerk om dit al hoe moeiliker en duurder te maak vir belastingpligtiges wat willens en wetens by kriminele aktiwiteite betrokke is. SARS het die afgelope paar jaar ywerig die konstruksie-industrie ondersoek en daarop deurbraak gemaak, sodat dit aan belastingwette voldoen.

SARS dwing die bepalings af soos omskryf in die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011, met besondere fokus op artikel 163 oor die bewaring en beveiliging van bates. Hierdie onlangse wetstoepassingsoptrede is een van menige stappe wat SARS in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke (Valke) neem om die integriteit van ons belastingstelsel te handhaaf.

Die bevele is verkry om die vervreemding van realiseerbare bates, wat die invordering van belastings kon verhinder, te voorkom en om bewyse van potensiële nienakoming van belastingwette, wat deur die kommissaris van SARS geadministreer word, te beveilig.

SARS Kommissaris, Edward Kieswetter, het sy opregte dank uitgespreek teenoor die wetstoepassingsagentskappe - SAPD, Valke en SARS-beamptes - vir hulle voorbeeldige samewerking wat hierdie taak te midde van moeilike omstandighede vermag het.

Die kommissaris het gesê dat SARS nie sal huiwer om sy mandaat sonder aansien des persoons uit te voer nie, ongeag van enige persoon se status in die samelewing. Niemand is bo die gereg verhewe nie. Daarom is dit uiters belangrik dat SARS nadruklik optree om te verseker dat hulle al hulle regmatige verpligtinge nakom. Vandag se soek-en-beslagleggingsoperasie moet 'n duidelike boodskap aan almal kommunikeer dat wetstoepassingsagentskappe sal optree om wetteloosheid stop te sit. Die mees kwesbares in ons samelewing, bejaardes en kinders maak op die regering staat, deur belastings, om armoede, werkloosheid en hongersnood te verlig en te mitigeer. Enige opsetlike oortreding van die gereg sal teëgestaan word.

Vir meer inligting, kontak SARS asseblief by SARSMedia@sars.gov.za.